

# Die merk van *langslewendheid*

*deur* **Liza Burger**

Die Suiwel Switser is een van Suid-Afrika se vier groot melkrasse en is veral bekend vir die goed gebalanseerde, romerige melk wat die ras lewer. Die SA Suiwel Switser-telersgenootskap fokus in hierdie artikel op langslewendheid, een van die vele positiewe eienskappe van hierdie hoogs aanpasbare beesras.

Dit is nie sonder rede dat Suiwel Switsers bekend is vir hul langslewendheid nie. Vra enige Suiwel Switser-melkprodusent om jou sy beste koei te wys, en hy wys jou waarskynlik een van sy oudste koeie wat al duisende liters melk geproduseer het, 'n string dogters saam met haar in die stal het en weer dragtig is, gereed vir nog 'n laktasie!

Langslewendheid is seker die seleksie-eienskap met die grootste ekonomiese impak op melkboerdery. 'n Suiwelkudde met net twee laktasies per koei kan nie positiewe groei toon nie, aangesien alle vervangingsverse sonder seleksie dan in die kudde opgeneem moet word om getalle bloot konstant te hou.

Die voordele van 'n melkkoei met goeie langslewendheid is legio. Uiergesondheid, been- en klouprobleme, reproduksie en metaboliese steurnisse is die hoofredes vir die uitskot van koeie. Langslewendheid is 'n samevatting van al hierdie eienskappe. Sonder 'n gesonde uier, bene, kloue, goeie vrugbaarheid en gesonde metabolisme, kan 'n koei immers nie 'n volgende laktasie aanteken nie.

## Vermeerderingsverse

Dit is asof die term vervangingsvers die sinoniem vir al die jong diere op die plaas geword het. Dit is juis hier waar die Suiwel Switser-telers die betekenis van vervangingsvers vir altyd verander.

Omdat die bruin koei haarself baie gou in 'n "vervanging-surplus" in teel, is dit nie nodig om alle jong diere te gebruik vir die vervanging van ouer koeie nie. Slegs die beste genetika word bygevoeg of vervang, en die res van die verse beteken dat die kudde geweldig vinnig groei. Hierdie kuddegroei is die "reproduksie-oes" van 'n melkery.

Die kostes verbonde aan versgrootmaak beloop ongeveer R8 000 elk. Met 'n gemiddelde laktasie van 9 000 kg, is die bruto wins 12% per koei of R3 200 per laktasie. Dit neem dus 2,5 laktasies vir 'n vers om haar grootmaakkostes te dek. Daarna kan haar bruto wins eers as wins beskou word. Met hierdie syfers in ag, is dit duidelik dat geen boer dit kan bekostig om 'n koei vir net twee of drie laktasies te melk nie.

> *"Sonder 'n gesonde uier, bene, kloue, goeie vrugbaarheid en gesonde metabolisme, kan 'n koei immers nie 'n volgende laktasie aanteken nie"*

## Funksionele eienskappe

Daar kan van geen melkkoei langslewendheid verwag word, as sy nie oor die eienskappe beskik om haar daartoe in staat te stel nie.

Hierdie eienskappe is alombekend aan die Suiwel Switserras en sy lede. Uier-eienskappe is bo aan die lys. In volgorde van belangrikheid lewer agteruier, vooruier, uierdiepte, agteruier-hoogte, agteruier-breedte en mediale ligament die grootste bydrae. Hierna kom kruis, hoefdiepte en dan speenplasings, gevolg deur ander been- en hoefeienskappe sowel as kruishelling en kapasiteit.

Die ras se teelbeleid en lineêre klassifikasie-stelsel, is juis ontwerp om prioriteit te verleen aan hierdie spesifieke eienskappe wat die grootste impak op langslewendheid sal hê. Daarom word die klem van die klassifikasiestelsel gelê op uier (30%), bene en kloue (25%), raam (25%), kruis (10%) en spene (10%).

Die eienskap met die enkel grootste bydrae tot die finale punt, is uierdiepte met 'n 8% bydrae. Sewentig persent van die finale punt word aan die 12 belangrikste uiterlike eienskappe vir langslewendheid gewy.

Die Suiwel Switserkoei se middelstuk verleen baie spasie vir hart-, long- en rumenontwikkeling. Op sy beurt gee dit haar die vermoë om ruvoer beter te benut en om beter voerinnames te verkry. Beter ruvoerinnames gee 'n gesonder metabolisme, gee beter vrugbaarheid, minder asidose, ketose, laminitis en mikro-absesvorming.

## Ideale hoogte

Tydens die pas-afgelope Bruin Switser Wêreldkongres wat in Oostenryk gehou is, is dit eenparig deur die afgevaardiges aanvaar dat die ideale kruishoogte vir 'n Switserkoei 150 cm is. Daar bestaan 'n baie klein ooreenstemming tussen liggaamshoogte en langslewendheid.

'n Vlak uier het 'n vier keer groter impak op langslewendheid as 'n groot suiwelraam. Dit is deurgaans die mediumraam koei wat makliker is om onder alle omstandighede te bestuur en sodoende die langste produktiewe leeftyd geniet.



*Die kruisteelkoeie is sterk, kan loop en maak uitstekend gebruik van weiding. Hulle is geharde diere met 'n goeie temperament en is baie aanpasbaar*

## Kruisteel vir langslewendheid

Dit vat ordentlike oortuiging voor 'n boer sy naam aan 'n produk of ras sal koppel. Kobus Stofberg, 'n bekende kommersiële melkprodusent in die Wes-Kaap van die plaas Houmoed by Worcester, voel só sterk oor die voordele wat die Suiwel Switser hom gebring het, dat hy die ras se voordele nou besing.

"In die begin het ek probleemkoeie met Suiwel Switsers gekruis. Toe ek egter die verbetering in die nageslag gesien het, het ek besluit om 'n Suiwel Switser-kudde deur kruisteling te bou."

Stofberg melk sowat 250 koeie op 'n semi-weidingsisteem. Sy rantsoen bestaan uit kikoejoe-weiding, mielie- en hawerkuilvoer, hooi en lusern. Sy stalgemiddeld is 22 kg melk per dag met 4,1% bottervet en 3,8% proteïen. Heelwat van die kruiskoeie is reeds in hulle vierde laktasie en hy verwag dat hulle met gemak ses tot agt laktasies sal voltooi, voordat dit nodig sal wees om hulle te vervang.

> *"Hulle is sterk koeie wat kan loop en uitstekend gebruik maak van weiding"*

Naas die verhoogde langslewendheid van sy koeikudde, is daar die verdere voordeel van bulkalwers wat uitstaande presteer. Stofberg het sy eie voerkraal en dit is sy ondervinding dat die Suiwel Switser se bulkalwers beter as al die ander suiwel- en selfs baie vleisrasse in die voerkraal presteer.

Volgens Stofberg het sy besluit om met Suiwel Switsers te kruisteel, die beste resultate meegebring: "Hulle is sterk koeie wat kan loop en uitstekend gebruik maak van weiding. Hulle is geharde diere met 'n baie goeie temperament en is boonop baie aanpasbaar by omgewingstoestande." TDM

# *Aspoester word ’n prinses*

***deur* dr Anton Smit, BVSc (Pret), president: SA Suiwel Switsers Telersgenootskap**

*Dit is vir die SA Suiwel Switsers Telersgenootskap ’n voorreg om u in hierdie bylaag ’n bietjie meer oor hierdie unieke suiwelras in te lig.*

Die Switserras het in 2007 sy eeufeesjaar in Suid-Afrika gevier – voorwaar ’n mylpaal vir enige ras. Hierdie 100 jaar is gekenmerk deur stadige ontwikkeling in tye van internasionale isolasie, klein getalle telers en diere, ’n onderdrukte ekonomie in die suiwelbedryf en dominansie van ander suiwelrasse.

Baie van hierdie omstandighede is nie uniek aan Suid-Afrika nie, maar word ook internasionaal ervaar. Ten spyte hiervan het die Suiwel Switser-koei haar unieke inherente eienskappe behou en verder ontwikkel en verfyn tot ’n baie funksionele melkkoei.

Danksy politieke veranderinge en globalisering, is die SA Suiwel Switser nou deel van ’n internasionale bevolking van sowat 14,5 miljoen Switsers. Suid-Afrika is ’n volwaardige lid van die Wêreld Bruin Switser Vereniging en ek was bevoorreg om in April vanjaar aan dié vereniging se agtste wêreldkongres in Mayrhofen, Oostenryk, deel te neem en ook ’n referaat te lewer oor Suiwel Switsers in Suid-Afrika.

Die huidige modewoord in die suiwelbedryf is “langslewendheid”. Dis natuurlik ’n eienskap wat die Suiwel Switser-teler al as vanselfsprekend aanvaar. As bewys hiervan kan ons kyk na die koei, Morchel. Op 21-jarige ouderdom was sy in haar 14de laktasie en het sy reeds ’n totale produksie van 187 052 kg in 13 361 dae in laktasie aangeteken. Dié koei se embrio’s is ook verskeie kere in haar leeftyd geoes.

Die plaaslike koei, Ditmoed Wanda, het op 20-jarige ouderdom, 12 laktasies voltooi. Haar 12de laktasie se produksie was 11 511 kg melk met ’n gemiddelde inhoud van 4,05% bottervet en 3,26% proteïen. Hierdie is maar twee voorbeelde, maar dit is nie ongewoon om ’n Suiwel Switser raak te loop met ’n leeftydproduksie van meer as 100 000 kg nie. Die redes hiervoor lê in die Suiwel Switser opgesluit: Dié bruin koei het ’n medium raam (ideaal 150 cm), wye bors, oop ribbes en ’n ruim middelstuk. Haar goeie pote en bene is alombekend en met haar wortels wat diep in die Alpe lê, kan niks minder verwag word nie.

Die Suiwel Switser se uier is stewig en hoog geheg tussen die agterbene, wat die kans op meganiese beserings verminder. Sy is ’n uitstekende gebruiker van ruvoer, wat aanleiding gee tot ’n gesonde rumen en baie minder metaboliese steurnisse. Die koei se ligte, neutrale kleur bevoordeel haar beslis in omstandighede waar hittestres ’n rol speel.

*“Suid-Afrika sal die eerste land buite Europa wees om die nuwe internasionaal gestandaardiseerde klassifikasiestelsel toe te pas”*

Suiwel Switsertelers en -kuddes se toekoms lyk rooskleurig. Ná my deelname aan die Wêreld Bruin Switser Kongres, is ek selfs nog meer oortuig van ’n uiters positiewe toekoms. Danksy ’n samewerkingsooreenkoms wat met die *Schweizer Braunviehzuchtverband* gesluit is, gaan Suid-Afrika direkte toegang tot al hulle infrastruktuur, navorsing, dataverwerking, kundigheid en genepoel hê.

’n Direkte uitvloeisel hiervan is dat hulle in Julie vanjaar hulle hoofklassifiseerder, Willy Schmid, hierheen gestuur het om klassifiseerders op te lei en ons koeie te klassifiseer. Suid-Afrika sal die eerste land buite Europa wees om die nuwe internasionaal gestandaardiseerde klassifikasiestelsel toe te pas. TDM

# Honderd jaar oud!

*Die SA Suiwel Switsers Telersgenootskap het op 1 Mei 2007 die ras se 100-jarige bestaan in Suid-Afrika herdenk.*



*Van links is dr Anton Smit, president van die SA Suiwel Switsers Telersgenootskap, en Markus Harder, vise-president van die Switserse en Europese Bruin Switser Federasie by Bloemskou 2007*

"Hierdie gebeurtenis was voorwaar 'n mylpaal en die geleentheid is vereer deur die aanbieding van 'n nasionale skoukampioenskap tydens die Bloemskou," sê die SA Suiwel Switsers Telersgenootskap se president, dr Anton Smit. Markus Harder, vise-president van die Switserse en Europese Bruin Switser Federasies, het as beoordelaar opgetree.

Die geskiedenis van Switsers in Suid-Afrika het sy ontstaan in 1907 toe Louis Jacob van Zyl 'n bul, Uplands Joe, vanaf die VSA ingevoer het. Hy het later nog 'n bul en vyf verse vanuit Switserland ingevoer. Die Bruin Switser-telersgenootskap is in 1925 gestig. In die vroeë 1970's het die genootskap verdeel om die Braunvieh en Suiwel Switser genootskappe te vorm, aangesien daar by die Suiwel Switser meer klem op melkproduksie-eienskappe geplaas is.

Vandag spreek die standaard van die plaaslike Suiwel Switsers vanself en veral op skoue laat dié bruin beeste die koppe draai. Die nasionale kampioen koei, Fyngoud Chrome Leoni, het ook die interraskompetisie vir senior koeie by die 2007 Bloemskou verower.

## International membership

South Africa officially became a full member of the World Brown Swiss Association on 19 April at the Brown Swiss World Congress held in April this year in Mayrhofen, Austria.

"This is an international forum open to all Brown Swiss breed societies with the primary function of promoting and coordinating research, information and cooperation," says Dr Anton Smit, president of the SA Dairy Swiss Breeders' Society, who attended the congress and also addressed the delegates.

The major participants are the European, American and Canadian breed societies, representing more than 90% of the world's Brown Swiss cattle. The largest participants by numbers are Switzerland, Italy and Germany with large and very efficient breed societies.

The next world conference will be hosted by Switzerland in 2012. The president of the World Association for the next four years, is Dr Markus Zemp. He is also president of the Swiss and European federations.

## Skou-sukses



*Wilmarie Gordon Chanel, ras kampioen en interras kampioenvers by die Lichtenburg skou 2008*

Suiwel Switsers het oor die afgelope tien jaar hulself bewys as gedugte teenstanders vir die ander suiwelrasse op plaaslike skoue. Die ras se foutlose voete en bene en diep aangehegte uiers maak hulle lus vir enige beoordelaar se oog.

Die skou-uitslae van die Noordwes Kampioenskap 2008 in Lichtenburg, spreek vanself:

- *Ras kampioen, kampioen vers en ook interras kampioen vers:* Wilmarie Chanel Gordon 2444 vertoon deur Frans Mouton van Coligny
- *Junior kampioen koei en ook ras kampioen koei:* Alsreg Currency Karika vertoon deur Boebie van Rensburg van Sannieshof
- *Senior kampioen koei en ras kampioen uier:* Alsreg Starbuck Jemima vertoon deur Boebie van Rensburg van Sannieshof.

## Nog hoogtepunte op die 2008 kalender

- Algemene Jaarvergadering, 1 Oktober om 09:30, Arcadia Gastehuis, Kroonstad
- Raadsvergadering, 20 November om 09:30, SA Stamboek Raadsaal, Bloemfontein.

Vir meer inligting, skakel June Wiid (sekretaresse) by 051 430 2455/6/7. TDM

# Kontak ons

## Raad

**President: Dr Anton Smit**
Sel 083 702 2789
E-pos vet@netactive.co.za

**Hennie Kotze**
Tel 017 793 3721
Sel 082 804 1780
E-pos jhgkotze@intekom.co.za

**Boebie van Rensburg**
Sel 072 228 2265

**Hennie Gouws**
Tel 053 965 0888
Sel 082 494 0299
E-pos 0824683792@vodamail.co.za

**Frans Rosslee**
Tel 016 342 1008
Sel 072 100 7210
E-pos sarahjaneroos@yahoo.co.za

**Rampie de Wet (LNR-verteenwoordiger)**
Tel 051 447 5629
Sel 083 631 6040
E-pos rdewet@arc.agric.za

**Genootskapkantoor**
**Sekretaresse: June Wiid**
Posbus 1225, Bloemfontein 9300
Tel 051 430 2455
Faks 051 448 4220
E-pos swiss@studbook.co.za
Web www.studbook.co.za/society/swiss/index.html TDM